

**1 Februarie**

**Markus 5:1-20**

(Teks: 5:19)

***Gaan vertel wat die Here vir jou gedoen het***

As Jesus saam met sy dissipels uit Kapernaum voet aan wal sit, kom 'n ontembare duiwelbesetene Hom skreeuend tegemoet. Die bese geeste se versoek word toegestaan en hulle vaar in die trop varke in. Die mal varke storm die see in. Onmiddellik is die mense kwaad en in plaas van die genesingswonder sien en glo, vra hulle Hom om die gebied te verlaat.

Die gewese besetene wil saam met Jesus gaan. Jesus weier sy versoek. Hy maak die besetene 'n aktiewe, lewende gesant onder sy eie mense met die opdrag: "*Gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het*". Juis hier waar Jesus Christus op die punt staan om die gebied te verlaat, waar die werk as't ware tot stilstand gekom het, word 'n getuie wat met sy eie oë gesien het, getaak om te getuig. Hierdie eensame en moeilike opdrag voer die verlore besetene met dankbaarheid en blydschap uit en hy getuig in die hele Dekapolisgebied.

Hy wat die besetene verlos het, sterf op Golgota. Hy lê sy lewe af vir 'n verlore gaande wêreld. Hy staan egter op uit die dood en vaar op na die hemel vanwaar Hy die ganse skepping na die voleinding stuur.

Glo jy dat dit ook vir jou was?

Vir wie gaan jy vandag vertel wat Hy alles vir jou gedoen het?

Sing Psalm 147:1, 3 en 5

Ds. S. Hibbert (Koster)

2 Februarie

Matteus 13:24-30 en 36-43

(Teks: 13:39)

### ***Waar kom die onkruid tussen die koring vandaan?***

Die Here Jesus stel Hom in dié gelykenis voor as die Saaier. Die saailand is die wêreld. Die goeie saad is die Woord van God. Die saadkorrels lyk aanvanklik morsdood, maar dis vol bruisende lewe. As die Heilige Gees dit in die harte laat ontkiem, word mense wedergebore. Dis daarom dat Jesus die kinders van God die goeie saad noem.

Maar die Saaier het ongelukkig 'n vyand - 'n vyand só gemeen en jaloers dat hy onkruid tussen die koring kom saai! Aanvanklik het niemand dit opgemerk nie. Eers toe dit begin groei was dit sigbaar. En dit het die slawe stom van verbasing laat vra: "Waar kom die onkruid dan vandaan?"

Hierdie vraag na die oorsprong van die onkruid - die sonde - is so oud soos die berge. Filosofe het hulle koppe al suf daaroor gedink. Spotters het op godslasterlike wyse vir God die skuld daarvoor gegee. Baie mense gee die samelewing skuld vir die sonde. Maar luister wat sê Jesus: "*Die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel.*"

Baie mense ontken vandag die bestaan van die duiwel. Wie dit doen, kan die oorsprong van die sonde in die Paradys nie verstaan nie. En daarom kan hulle Jesus se soenverdienste aan die kruis nie verstaan nie. Ook is hulle doof vir die waarskuwing van die Heilige Gees in 1 Petrus 5:8: "*Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind.*" Is ons op ons hoede vir die versoekings van die duiwel?

Sing Psalm 64:1 en 7

Dr. C J. Malan (Emeritus)

**3 Februarie**

**Psalm 139**

(Teks: Matteus 13:28-30)

***Waarom moet die onkruid tussen die koring groei?***

Toe die slawe hoor dat 'n vyand die onkruid gesaai het, wou hulle dit *dadelik* gaan uittrek. Maar die boer weier, want as hulle die onkruid *nou* uittrek, sal hulle die koring saam uittrek.

Ons mag hierdie gelykenis nie op *die Kerk* toepas asof die Kerk nie tug mag toepas nie. Ons mag dit ook nie op *die owerheid* toepas asof misdadigers nie gestraf mag word nie. Waarteen die gelykenis ons wel wil waarsku is dat ons *nie nou* op aarde met die goddelose mag doen wat die Here *by sy wederkoms* sal doen nie!

Laat ons eerlik wees: As ons sien hoe die goddelose soos onkruid die gelowiges verdruk, voel ons lus om saam met 'n Dawid te bid dat God die goddelose uit die weg moet ruim (Ps. 139:19). Maar dit kan tog nie! Hoe weet ons of die Heilige Gees nie dié onkruid, wat ons nou uitgeroei wil hê, later tot bekering wil lei nie? Die ou kerkvader Augustinus het tereg gesê dat die onkruid van vandag die koring van môre kan wees.

Maar wat is ons roeping dan teenoor die onkruid? Moet ons hulle toelaat om hulle goddelose groei ongestoord voort te sit? O nee! Met harte vol brandende liefde moet ons vir hulle bid, hulle na ons Here Jesus toe lei en hulle oproep tot berou en bekering!

En gestel nou hulle wil nie luister nie? Dan sê die Here in Romeine 12:19: "*Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld, sê die Here.*"

Sing Psalm 31:11 en 12

Dr. CJ. Malan (Emeritus)

4 Februarie

Openbaring 7:9-17

(Teks: Matteus 13:30 en 40:43)

***Wanneer word die onkruid en koring geskei?***

As die boer vir sy slawe sê: "Laat altwee saam groei tot met die oes", is sy bedoeling duidelik: Die onkruid moet *eers ryp word* voordat die oes kan plaasvind. Dan sal die maaiers, die engele, kom om die onkruid in die brandende oond te gooi. Luister hoe beskryf Jesus die onkruid: Dit is hulle *"wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree."*

Hoe anders sal die lot van die koring nie wees nie! Die koring word in die skuur van die ewige lewe saamgebring. Wanneer die onkruid verwyder is, wat die heerlijkheid van God se kinders op aarde verdonker het, sal die gelowiges nie meer dowwe lamppitte wees nie, maar in die koninkryk van hulle Vader soos die glansende son skitter.

Die gelykenis word afgesluit met die woorde: "Wie ore het moet luister." Wat wil die Heilige Gees vir ons sê? Dat onkruid en koring saam moet groei, maar in die *hart van 'n gelowige mag dit nooit gebeur nie!* Nooit mag ek as Christen toelaat dat enige onkruid-sonde in my hart wortel skiet nie.

En gestel ek ontdek dat my hart en lewe die ene onkruid is? Is daar vir my nog genade? Die antwoord is ja! As ek in berou en bekering na Jesus vlug met die smekende bede: Wees my, arme onkruid, genadig - dan wederbaar die Heilige Gees my van onkruid tot koringkorrel. Waarom? Omdat Jesus Christus, na sy kruisdood, as God se Koringkorrel uit die dood opgestaan het.

Sing Skrifberyming 31:3

Dr. C J. Malan (Emeritus)

5 Februarie

Matteus 13:3-9 en 18-23

(Teks: 13:3)

### ***Die saad wat op die pad val***

As die saaiër saai val 'n deel van die saad op die pad. Daardie pad was nie altyd daar nie. Dit was eers deel van die goeie grond. Weet u wanneer dit 'n harde pad geword het? Toe mense aanhoudend daarvoor gestap en dit vas getrap het. Nou ja, so is daar baie voetstappe wat ons hart ook kan vastrap. Voetstappe van verkeerde opvoeding, van slegte gewoontes, van verkeerde vriende en van herhaalde sondes! Dis daardie voetstappe wat 'n mens se hart so ongevoelig vir die saad van die Woord van God kan maak dat die voëls van die hel dit kom oppik.

Kan daar iets aan gedoen word? Natuurlik! Wat doen die boer as hy die pad weer in goeie grond wil verander? Hy steek die ploeg in die harde grond en skeur dit oop totdat dit weer sag word. En dit moet mense ook doen wat *padharte* het. Hulle moet vurig bid dat die Heilige Gees hulle harte met die ploeg van die Woord sal oopskeur sodat hulle hart weer ontvanklik vir die Evangelie kan word.

Maar dis nie al nie. Nuwe voetstappe kan die hart weer plat trap. Daarom moet hulle hulle harte met die Wet van God omhein. En dan moet hulle biddend waak teen elke voetstap van sonde wat oor die hart wil loop. En die voëls van die hel moet verjaag word wat die saad van die Woord wil kom oppik. Dan sal die Here Jesus by sy wederkoms 'n wuiwende graanveld vind!

Sing Psalm 25:2

Dr. CJ. Malan (Emeritus)

6 Februarie

Lukas 9:23-27  
(Teks: Matteus 13:5)

### ***Die saad wat op die klipbanke val***

Mense met klipbankharte is mense wat vol geesdrif is as die saad van die Woord in hulle harte val. Maar, o wee! Daardie gloeiwarm geloof kan in 'n oomblik 'n dooie asklont word. Weet u wat met hierdie mense fout is? Hulle godsdiens is niks anders as gevoel nie. Hulle verstaan nie dat die Christelike geloof van 'n mens bekering en selfverloëning vra nie.

Omdat klipbankmense se godsdiens net uit gevoel bestaan, is daar nie vastigheid in die geloofslewe nie. As die son van beproewing hulle brand, verwelk die geloof en verdroog die entoesiasme. Dan is hulle nie bereid om hulleself te verloën, hulle kruis elke dag op te neem en Jesus te volg nie (Luk 9:23). Ja, hulle is vurige *hoorders*, maar as hulle geloof *in dade* geopenbaar moet word, is die vuur geblus.

Kan daar iets aan dié mense gedoen word? Ja, mits die rotsagtige plekke verwyder word, sodat daar *diepte* in hulle lewe kan kom. En dit kan en wil die Heilige Gees deur die Woord doen. In Jeremia 23:29 sê die Here duidelik dat sy Woord soos 'n hamer is waarmee klippe stukkend gebreek word.

As u 'n klipbankmens is - bid vurig dat die Heilige Gees u hart in ware berou mag verbrysel. En wat meer is: Stry met alle mag teen die Satan, die sondige wêreld en u boesemsonde. En bo alles: Vlug na Jesus Christus wat met sy kosbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal en ons uit alle heerskappy van die duiwel verlos het.

Sing Psalm 86:6

Dr. C.J. Malan (Emeritus)

7 Februarie

Lukas 17:26-37

(Teks: Matteus 13:7)

### ***Die saad tussen die onkruid***

Onkruidmense lyk - so op die oog af - beter as klipbankmense, omdat die prediking van die Woord van God dieper ingang by hulle het. Hulle besef dat daar 'n *verandering* in hulle lewe moet plaasvind. Maar ag, die hart wat so oortrek is van onkruid, verhinder hulle om tot 'n besliste keuse te kom.

Wat is hierdie onkruid? Dit is die *bekommernis van die lewe* en die *verleidelikheid van rykdom*. Al die goeie voornemens in hierdie mense se harte word deur die onkruid doodgedruk. Natuurlik nie dadelik nie maar geleidelik. Eers staan die koninkryk van God sentraal in hulle lewe. Maar geleidelik word dit so deur die onkruid oorwoeker dat die glans van die koninkryk verdwyn en net die glans van hierdie wêreld nog bekoor.

In Lukas 17 vergelyk die Here Jesus die tyd vóór sy wederkoms met die tyd van Noag voor die sondvloed en met die tyd van Lot voor die verwoesting van Sodom en Gomorra. In daardie tye het die onkruid van materialisme die hart van die mense so beheers dat daar in hulle harte nie meer tyd vir God en sy Woord was nie.

As die Here Jesus *nou* sou kom, wat sal Hy vind? 'n Hart so oorwoeker deur onkruid dat die kruis nie meer sigbaar is nie? Bid dan dat die Heilige Gees u hart sal omploeg. Verbrand elke moontlike onkruid wat u hart wil toegroei. En maak vir u skatte in die hemel bymekaar waar mot en roes dit nie verniel en diewe nie inbreek en steel nie (Matteus 6:20).

Sing Psalm 119:63

Dr. C.J. Malan (Emeritus)

8 Februarie

Jakobus 1:19-27

(Teks: Matteus 13:8)

***Die saad wat op die goeie grond val***

Wie is die goeie-grond-mense? Die Here Jesus sê: Dit is hulle wat die Woord van God *hoor, verstaan* en *vrug* dra. Maar hoe hoor 'n mens om te verstaan? Alleenlik deur die werking van die Heilige Gees (1 Kor. 2:10). Om God se Woord te kan verstaan moet ons bid dat die Gees deur die geloof ons ore sal oopmaak om te kan verstaan. Maar dan moet ons getrou ons Bybel lees en kerk toe gaan.

Maar om net te hoor en te verstaan is nie genoeg nie. Ons moet ook vrug dra, sê Jesus. Luister hoe mooi stel Jakobus dit: "Iemand wat net altyd die Woord aanhoor en *nooit doen wat dit sê nie*, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: Hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het (1:23)." So mag ons nooit doen nie! Nee, as ons goeie-grond-mense wil wees, moet ons vrug dra.

Wees gewaarsku! Al is ons nou goeie-grond-mense, kan daar tye in ons lewe kom dat ons hardepadmense, klipbankmense of onkruidmense kan word. En daarom *moet* ons vrug dra deur te *bid* en te *waak* en te *stry*. Ons moet vrug dra deur die beeld van ons Here Jesus Christus in alle sagmoedigheid en nederigheid te openbaar. Ons moet die vrug van die Heilige Gees in alle liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing openbaar. En deur ons lig te laat skyn, moet ons ons Vader wat in die hemel is verheerlik.

Sing Skrifberyming 10:1

Dr. C.J. Malan (Emeritus)



### ***Ken jy die krag van jóú woorde?***

Wat het u vandag met u woorde, met u tong reg gekry? Wat het u alles gesê? Het u vandag baie gepraat?

Die Bybel sê dus dat 'n mens se tong baie mag het.

Met 'n onbeheerste tong kan 'n mens met een woord onberekenbare skade aanrig. Binne sekondes, met 'n paar woorde, kan jy 'n verhouding skade aandoen en dit kan jou jare neem om dit weer te herstel.

Jy kan 'n ander mens met jou tong slaan, beledig, tot in die grond verneder. Met jou woorde kan jy 'n ander mens hartseer maak, diep ongelukkig en moedeloos maak.

Met jou tong kan jy mense wat graag naby jou wil wees van jou af wegjaag en van jou vervreem. Met jou woorde kan jy vyandskap en agterdog tussen mense bring.

Miskien het jy vandag self deurgeloop onder die onbeheerste tong van 'n ander mens.

In Psalm 19 erken Dawid dat God elke woord uit sy mond hoor, en dit is vir hom belangrik dat God sy woorde sal goedkeur. Die Here moet hom help dat hy sy woorde sal tel. Hy vra daarom dat die Here 'n wag voor sy mond sal plaas.

Elders in die Bybel staan dit ook dat 'n Christen vinnig moet wees om te hoor en stadig en versigtig om te praat.

Is dit vir u belangrik om ook u tong te kan beheer?

'n Beheerste tong het die mag om te troos; met 'n beheerste tong kan jy bid vir jou medemens.

Ja, jou tong het die mag om iemand moed in te praat, op te beur en aan te moedig. Jou woorde kan mense weer entoesiasies maak vir die lewe. Jou tong kan brûe bou; jou woorde kan gebroke verhoudings tussen mense herstel.

Maar geen mens kan uit sy eie krag sy tong betuel nie. Net God, die Vader van Jesus Christus, doen dit deur sy Gees.

'n Beheerste tong is die werk van die Heilige Gees in 'n mens se hart.

Dan kry jou tong sy mag en krag uit die hemel en nie uit die hel nie.

Sing Psalm 119:1      Ds. W J.K. Saayman (Johannesburg)

10 Februarie

Job 42:1-6

(Teks: 42:5)

### ***Job se geduld***

Ons weet van geduldige Job. Job op die ashoop. Met sy hele lewe aan skerwe. En as 'n mens deur die worsteling van Job lees, dink 'n mens Job het dalk genoeg gehad om oor te tob. Alles is haas van hom weggeneem. Miskien daarom dat 'n mens Job maklik kan gaan lees as handboek oor lyding. Omdat geduldige Job dalk antwoorde kan bied op my vrae: Waarom moet ek swaarkry verduur? Wat is die sin van lyding? En dan word Job die held, die lyer wat so inbeur teen alles wat hom wil onderkry..

Aan die einde van sy gestoei met God kry hy 'n antwoord - nie antwoord op sy baie vrae nie!

Job sit hand op die mond. Hy het niks te sê nie. Want "*tot nou toe* het ek net gehoor wat die mense van U sê; *maar nou* het ek U self gesien". In sy eie woorde is dit die antwoord. Voorheen het hy "tweedehandse" verhouding met God gehad, nou het hy 'n direkte, persoonlike verhouding met God. Deur sy swaarkry het hy vir die eerste keer God vol in die oog gekry! Hy deel sy lewe in twee: *toe* en *nou*. Voorheen het hy alles geweet wat hy moes weet, maar nou lééf hy daarvan. Hy wéét sy (Ver)Losser leef! "My swaarkry bring my naby aan God". Dit sou in my eie woorde Job se antwoord kon wees. Daarom is ek klaar met 'n hoorsê-verhouding.

Dis nou tyd vir allerintiemste kontak met God.

Sing Psalm 42:3

Ds. J.L. Myburg (Oos-Londen)

11 Februarie

Hebreërs 10:11-18

(Teks: 10:17)

### ***Kan dit waar wees?***

Kan dit werklik waar wees dat God so volkome die sondes van die mens vergewe het dat Hy nooit meer daaraan sal dink nie? Dit is waar! So sê die Here.

Ons leef in 'n wêreld waar mense sê: "Ek sal vergewe maar ek sal nie vergeet nie." Ons is mos geneig om te onthou en ou koeie uit die sloot te grawe. Familietwiste, huweliksonmin en kwaai-vriendskappe staan gewoonlik in verband met iets wat gebeur het en wat dan onthou word en wat elke keer weer ter sprake kom.

Die Bybel openbaar aan ons in Hebreërs dat God so volkome vergewe asof dit nooit gebeur het nie. Hy het so vergewe asof Hy nie daarvan weet nie. *Hy sal nie weer daaraan dink nie.* Hoe is dit moontlik dat die alwetende God wat alles weet en ken, wat selfs my gedagtes ken nog voordat dit woorde geword het (vergelyk Ps. 139), nie sal dink aan die sondes wat ek gedoen het en wat ek nog teen Hom sal doen nie?

Dit is slegs moontlik omdat Jesus Christus met een offer versoening gedoen het. Met die offer van sy liggaam aan die kruis het Hy ons volkome van sondes vry gemaak. Hy het as't ware al ons sondes en al ons skuld toegemaak met sy bloed. Soos 'n tafeldoek 'n tafel toemaak sodat jy eintlik net die tafeldoek sien, so is ons bedek (versoen) met die bloed van Jesus Christus. God sien ons nie soos die sonde ons misvorm het nie, maar Hy sien ons soos ons gewas is in die bloed van die Lam van God.

Met die tema is 'n vraag gestel: *Kan dit waar wees?* Die antwoord is: *Ja, dit is waar,* As hierdie waarheid van die evangelie van Jesus Christus werklik by ons tuisgekom het deur die Heilige Gees, dan kan dit nie anders as dat ons met ons hele lewe die Here sal dien nie. Dan wil ek my nie weer met sonde besoedel nie, maar dan wil ek my eintlik beklee met klere van dankbaarheid; ek wil doen wat die Here behaag.

Sing Psalm 32:1

Dr. D.J.S. Steyn (Benoni-Noord)

12 Februarie

Jakobus 4:1-10

(Teks: 4:6)

### ***Hoogmoed en nederigheid***

Alle mense ly aan die sonde van hoogmoed. Baie noem hierdie sonde die wortel van alle sondes - en ek dink met reg! En tog sal mense nie maklik erken dat hulle daaraan skuldig is nie. Mense sal nog erken dat hulle 'n slegte humeur het, of dat hulle nie hulle tonge in toom kan hou nie, maar nie dat hulle hoogmoedig is nie.

Hoogmoed is die strewe om beter as ander te wil wees, om altyd in kompetisie met ander te wees. Hoogmoed sluip selfs jou geloofslewe binne. Mense is byvoorbeeld hoogmoedig omdat hulle (dink dat hulle) nederiger as ander is, of omdat hulle "beter" lidmate is as ander...

Hoogmoed is 'n onding wat direk van die duiwel af kom - dit is 'n geestelike sonde, 'n anti-Goddelike gemoedstoestand en denkwyse. 'n Mens wat hoogmoedig is, kyk altyd neer op ander. Daarom dank die Fariseër God dat hy nie soos die tollenaar is nie. Daarom kan hoogmoedige mense God nie raaksien nie - te besig om neer te sien op ander!

Hoeveel hoogmoed is in jou hart? Toets jouself maar aan die mate waarin ander se hoogmoed jou kwaad maak. 'n Mens vererg jou net daaroor as jou eie hoogmoed aangetas word deur dié van 'n ander. In die Bybel ontmoet ons God - iemand wat in elke opsig ons meerdere is, onmeetbaar ver ons meerdere is. God self weerstaan die hoogmoediges...

Sing Psalm 131:1 en 2

Ds. J.L. du Plooy (Strand)

**13 Februarie**

**Spreeke 30:24-33**

(Teks: Jakobus 4:6)

### ***Hoogmoed en nederigheid***

Nederigheid - teenoor hoogmoed - is die ingesteldheid waarin jou aandag totaal van jouself afgetrek is en op God en jou naaste gevestig is. Daarom dan dat nederigheid so anders as hoogmoed is. God wil ons nederig maak sodat ons Hom werklik kan leer ken. Hy wil hê dat ons ook die verligting moet ervaar om vry te kom van onself.

Dit beteken nie dat 'n mens 'n lae dunk moet hê van die mooi en goeie eienskappe wat God jou gegee het nie, asof jou Godgegewe talente nie eintlik van waarde is nie. Dit beteken wel dat 'n mens jouself begin sien soos God jou sien, een van sy kinders wat Hy baie liefhet, met gawes wat in sy diens gebruik moet word.

Ware nederigheid beteken veel eerder dat jy bewus is van jou eie sterk en minder goeie hoedanighede, maar sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. En bo alles, dit beteken dat jy so bewus is van God se grootheid dat jyself net waarde het vir sover jy in God se oë waarde het. Dan geld ander se opinie oor jou nie meer soos voorheen nie. Dan doen jy net dit wat God van jou vra - niks minder nie, maar ook niks meer nie. Maar om so los te kom van jouself, van jou eie-ek, is 'n groot stryd waarin die Heilige Gees al die oorwinningskrag kan gee. Vra dit van God.

Sing Psalm 33:6

Ds. J.L. du Plooy (Strand)

14 Februarie

Lukas 24:1-11

(Teks: 24: 5)

### ***Bedagsaamheid - so 'n bietjie onvanpas***

Een ding wat 'n mens van die vroue rondom die kruisgebeure kan sê, is dat hulle *bedagsaam* was. As Jesus se liggaam in die graf neergelê word, is hulle daar. En Sondagoggend is hulle weer daar. Met salfolie om sy liggaam mee te balsem. Bedagsame mense.

Maar hulle bedagsaamheid was eintlik so 'n bietjie onvanpas. Want dit was alles bedagsaamheid jeens 'n dooie Here. Hulle daag by die graf op met doodsmidisyne! Hulle wil die liggaam met reukolie en mirre gaan dokter. Maar die graf vind hulle oop! En van hulle Here is daar geen teken nie!

En dan kom die vraag:

*Waarom soek julle die Lewende by die dooies?*

*As julle die Lewende soek, wat maak julle dan by 'n graf?*

*Waarom al die trane, die salfolie, die mirre?*

*Julle bedagsaamheid word waardeer, maar dit het julle by die verkeerde adres beland!*

Kan dit wees dat ek die Lewende dalk by die dooies soek?

Ek glo aan die ewige lewe, maar het my geloof trekke van *lewe*?

Ek is bedees en bedagsaam as ek uit dieptes gans verlore kerm, as ek stroewe trekke om die mond het. Maar ken 'n verhouding met God in Christus nie ook uitbundige vreugde en behae in die *lewe* nie? 'n Lewe met Christus; 'n lewe deur die Heilige Gees?

Kom ek in my persoonlike godsdiens, (in my aktiewe lewe, in die erediens, waar ook al) steeds met my bondeltjie speserye om my gekruisigde Christus mee te salf? Of snap ek ook dat Hy lewe!

Sing Skrifberyming 10

Ds. J.L. Myburg (Oos-Londen)

15 Februarie

Psalm 91  
(Teks: 14: 16)

***God het ons eerste liefgehad***

Ons het almal behoefte aan redding, want ons is die dood skuldig oor ons sondes. Ons het almal behoefte aan beskerming, want sonder beskerming is ons weerloos. Ons het almal behoefte daaraan dat God ons gebede verhoor, want sonder gebedsverhoring is ons magteloos. Ons het almal behoefte aan God se nabyheid, want as Hy ons nou verlaat, is dit klaarpraat met ons.

God sê: Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red. Maar die wonderlike is: Ek kan die Here alleen liefhê, omdat Hy my eerste liefgehad het.

God sê: Omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm. Maar die wonderlike is: Ek kan die Here alleen ken, omdat Hy Homself aan my bekend maak het deur sy Woord.

God sê: Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor. Maar die wonderlike is: Ek roep sy Naam alleen in die gebed aan omdat Hy my liefhet en Homself in sy Woord aan my bekend maak het as die enigste ware God, wat vol van genade en liefde en trou en vergifnis is in Jesus Christus.

God sê: in sy nood sal Ek by hom wees. Die wonderlike is: Ek het die versekering dat God by my is elke oomblik van my lewe, ook wanneer ek in die nood is, want Hy het sy eie Seun aan die kruis verlaat, sodat Hy my nooit hoef te verlaat nie.

Alles is dus net genade uit sy hand en sy genade maak my dankbaar.

Sing Psalm 91:1

Ds. H.P.M. van Rhyn (Witpoortjie)

**16 Februarie**

**1 Korintiërs 6:12-20**

(Teks: 6:20)

***My lewensgeluk: Ek behoort aan Jesus!***

Ek behoort aan Jesus Christus - dis waaroor alles in die lewe gaan; dis ware en blywende geluk vir jou volle leeftyd en... daarna!

Ek behoort nie aan myself nie; ek is 'n sondaar. Daarom nie my wil, my besittings, my werk, my lewe... alles myne nie, MAAR: Ek behoort aan Jesus!

Sonder hierdie sekerheid het jy slapelose nagte oor alles wat oënskynlik verkeerd loop in terugslae, siekte, nood, teleurstelling, bekommernis, spanning... dinge wat self tot niks kom nie en daarna... tog die dood!

Hoe verskriklik, o sondaar!

Die gelowige is gelukkig, getroos deur God-Drie-enig: Jy met jou alles behoort altyd aan Hom; Hy het jou vir Hom gekoop en betaal (kruisiging).

Geen mooier woorde nie, niks beter om te begeer nie, geen bekommernis daaroor of waaroor nie: Ek behoort aan die Here.

Sê dit,  
sê dit in u hart,  
sê dit vir iemand,  
sê dit hardop,  
sê dit diep dankbaar.

Sing Skrifberyming 8:2

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)



**17 Februarie**

**Johannes 20:19-31**

(Teks: 20:28)

***Jesus is ook my Here!***

Meteen het Tomas geweet Alles oor Jesus is waar! Self ooggetuie van al die gebeure - gevangening, verhore, kruisiging... begrafnis. En toe vertel die vroue en ander dissipels van Jesus se opstanding... hy glo nie voor hy dit gesien het nie.

En nou staan Jesus in hul midde. Hy praat met Tomas: "Bring jou vinger... steek dit in die wonde... glo!"

Meteen het Tomas geweet: Alles oor Jesus is waar!

En al wat hy kon uitkry, was: "My Here en my God".

Hy het geweet wat die woord "Here" beteken toe hy dit sê. Dit was immers die titel van die keiser. Hy het geweet hy behoort aan Christus.

Hy't geweet: Alles oor Jesus is waar!

- Ook hy, Tomas, is losgekoop deur Jesus se bloed.
- Satan het reg op sy lewe verloor.
- Christus het reg op sy lewe.
- Hy is kind van God ter wille van die lewende Jesus.

Die uit-die-dood-opgestane Jesus lewe!

Hy is die verheerlikte Here!

Nie meer twyfel nie, want ek weet ook aan wie ek behoort. Die Heilige Gees het my oortuig. Ek glo, al het ek nie gesien nie. En nou weet ek ook hoe om te lewe, want soos Paulus vra ek elke dag: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Jesus is my Here en my God! 'n Ryke troos in lewe en dood. Lewe dan ook uit die geloof soos iemand wat die Here gesien het... totdat u Hom op die wolke gaan sien!

Sing Ps. 145:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)

**18 Februarie**

**Handelinge 16:9-40**

(Teks: 16:25)

***In nagduister lyding is daar steeds rede vir 'n loflied en 'n gebed!***

Middernag spel meer uit as die afwesigheid van lig:

- dis ook simbool van die sonde
- dis ook beeld van swaarkry en kommer...

Middernag sê iets van Paulus en Silas se lyding en smarte van rou wonde en naaktheid in die tronk met voete in 'n blok vasgeklem.

Maar hul middernag was nie donker nie.

Geen bitterheid is by hulle te bespeur nie, geen verwyd dat God hulle vergeet nie...

Geen wanhoop, klaaglied of mismoedigheid oor hul omstandighede nie.

Hulle is ook nie sonder verstand nie!

Hulle bid. Saam sing hulle lofliedere!

Hulle wil bid. Hulle wil sing - dis hul begeerte... en dit om middernag!

Wat op aarde kan 'n kind van God so ontstem dat hy/sy nie meer wil bid of sing nie?

Ongeag wie luister en waar jy is, wat kan so sleg wees dat jy nie wil bid of sing nie?

Wat doen ons in duisternis en smarte? Skel, vloek...? Of... bid en sing?

Juis in die diepe duisternis van ellende skyn geloof so helder: God met ons!

Sing Ps. 150:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)

19 Februarie

Lukas 5:33-39

(Teks: 5:36)

***Jesus het my in 'n nuwe lewensorde ingelei!***

Die ou lewensorde is vir die Christen verby; Jesus het ons in 'n nuwe lewensorde ingelei - in sy ewige koninkryk.

Die gereelde onderhouding van vastye (om nie te eet nie) is in die ou lewensorde in Israel baie hoog en verdienstelik geag. Jesus en sy dissipels onderhou dit egter nie - die tonge is los daaroor.

Jesus sê: Dis ongehoord dat bruilofsgaste kan rou terwyl die bruidegom by hulle is; nee, dan is dit tyd vir vreugde en blydschap want 'n mens lap tog nie ou klere met nuwe ongekrumpte materiaal nie en jy gooi tog nie nuwe gistende wyn in ou leersakke nie (die nuwe lap sal, as dit gewas word, krimp en die klere verder skeur en die nuwe gistende wyn sal die ou leersakke laat bars - geen klere en geen wyn bly oor nie - dan het jy niks!)

Jy kan nie jou ou sondaarslewe net met Christelike lappies regmaak nie - jy het 'n nuwe lewe, 'n nuwe lewensuitkyk, 'n nuwe lewenshouding nodig - 'n nuwe hart,

Jesus maak dit alles nuut, alles wat deur sonde oud en verslete geraak het.

In Jesus is die werklikheid van die lewe nuut - maar sonder Hom bly alles oud - en wat oud is raak uitgedien en vergaan.

Deur sy Woord en Gees lei Jesus vandag nog mense sy nuwe lewensorde in sodat jy ook alles "nuut" kan sien!

Wonderlik om deel te wees van hierdie werklikheid waar God alles herskep om "nuut" te wees!

Sing Skrifberyming 14:1      Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)

**20 Februarie**

**Kolossense 1:21-29**

(Teks: 1:27)

***Lewensvervulling met Jesus Christus in die sentrum van jou lewe***

Menselewe draai vas in 'n sinlose, vreugdelose geploeter van dag tot dag met eentonige ritme. Lewensvervulling bly eenvoudig uit. Dis slaap en eet en werk en weer slaap...

Jy hoor nie die boodskap wat die een dag aan die ander deurgee nie (Ps. 19), jy hoor nie die skeppingslied nie. Jou oë verdof en lewe versuur...

Jy het te veel sorge, so glo jy - te veel probleme, bekommernis... leed...

En voor jy jou kom kry, is 70 of 80 jaar verby - en jy wou nog so graag lewe! Nou het net moeite oorgebly. Nou gee jy jouself maar oor aan klaagliedere en selfverwyt.

Jy bewonder gelukkige mense, droom oor wat kon gewees het en kla hoe onregverdig die lewe jou behandel het...

Mense soek uitkoms - drank... groot projekte... studie... werk... vertrou selfs op prinse, jou voorkoms, talente... en tog bly lewensvreugde uit.

Saans wonder jy: Is dit DIT wat God vir jou beplan het - so 'n lewe sonder vreugde - 'n fossiellewe?

**ALLERMINS!!!**

Wie deur die Bybel blaai, word vanaf bladsy 1 bewus van die ware bedoeling van God met jou, 'n bedoeling wat deur die sonde verongeluk is. Toe kom die Nuwe Testament met die antwoord waarom engele juig: " 'n Seun is gebore!"

In en deur Jesus Christus herstel God sy bedoeling weer met die mens. In wie se lewe Jesus Christus in die sentrum staan, is daar volwaardige lewensvervulling - roetine is nie dodelik nie; klein dingetjies maak die lewe die moeite werd, want Christus woon deur sy Gees in my. En daar is 'n verwagting van iets nog beter!

Wat is die rede dat jy soms misrabel voel?

Sing Psalm 19:1 en 2

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)

**21 Februarie**

**Prediker 3**

(Teks: 3:11)

***My lewenstyd is op God gerig***

Tyd! - jy kan dit nie bêre nie, nie stol of oppot of inhaal nie.

Die tragiek is: toe die mens in die paradys gesondig het, is hy nie die tydlose ruimte ingeskiet nie. Nou is daar vir elke ding 'n bepaalde tyd.

Prediker 3 is 'n klaaglied. Daar is dinge waaraan jy niks kan doen nie en wat verby is, kan nie oorgeleef word en wat kom kan nie voorspel word nie.

Ons lewe is gejaagd, ons kla: "Ek het nie meer tyd nie!" Dit bring stres. Die duiwel wil nie hê dat ons moet nadink en tyd sal hê om na te dink nie. Party probeer aan die tyd ontkom deur pakkette te neem, vroeër af te tree, of om wakkerblypille te drink... dan weer slaappille want die slaap kom nie op sy tyd nie... En so spoed die lewe verby!

Wat maak u met u tyd? Sekondes word minute... ure, dae, weke, jare - en dan is dit verby. God het die tyd gemaak (Gen. 1 "In die begin..."), dis skeppingsdae ("en dit was aand en dit was môre die... dag"). Seisoene word gereël (Gen. 1). Metusaleg is 696 jaar oud, na Noag sou die mens 120 kon word, Ps. 90 sê nou net 70 of 80. So spoed die lewe verby. Hoe rig u u 24 uur in? Hoeveel tyd vir God? 'n Skrale 5 minute per dag is ongeveer 1/300ste, 'n skrale dag per jaar!

Hoekom gee God u nog tyd? Paulus sê: "In die volheid van die tyd het God sy Seun gestuur..." (Gal 4:4). Jesus het gekom – ongeveer 2000 jaar gelede, vir 'n skrale 33 jaar, toe is sy tyd verby; Hy sterf... om die onbepaalde tyd vir ons te skenk, die ewigheid! En ek? Wedergebore... eers gebore onder die tyd, nou ook met die oog op die onbepaalde tyd. Môre moet ek my tyd herbeplan. Die wederkoms is naby, my lewe is reeds genadetyd! Wat gaan u met u oorblywende tyd doen?

Sing Psalm 90:2

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)

**22 Februarie**

**Matteus 6:25-34**

(Teks: 6:31,33)

***My hemelse Vader versorg my uitstekend***

Ons kla so maklik. Jy ook?

Ons bekommer ons onnodig oor verkeerde dinge, dinge waaraan ons niks kan verander nie.

Maar geloof gaan ver uit bo ons begrip, bo ons ervaring, bo die bewysbare wetenskap. Dis onmoontlik om die Drie-eenheid te bewys of te verklaar; ons moet dit glo omdat die Bybel ons dit leer.

Dis ook ver bo ons begrip dat God alles uit niks geskape het. Die Almagtige God het alles gemaak, elke ding volgens sy aard en soort.

En tot vandag toe versorg Hy dit nog asof met sy eie hand. Daar bestaan nie so-iets soos toevalligheid of noodlot nie. Ons hemelse Vader doen dit.

Om hierdie rede kan ons bid en ons hemelse Vader vra om ons te versorg vir die liggaamlike en geestelike.

Niks is buite sy beheer, buite sy magsfeer nie. Wat 'n troosryke gedagte in ons moeilike tyd!

In ons "jammerdal", ons "groot verdrukking", ons "lyding" versorg ons hemelse Vader al sy kinders uitstekend! Vir jou ook!

As ons dit maar net wil raaksien sonder om God te verwyt of oor ons omstandighede te kla.

God sorg spesiaal vir u en my na liggaam en siel!

*Daarom is daar dinge wat eerste kom en dinge wat later kom. Dis 'n kwessie van prioriteit.*

Sing Psalm 34:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)

**23 Februarie**

**Psalm 84**

(Teks: 84:5, 6, 13)

***Kom ons gaan kerk toe!***

Hierdie Psalm is geskryf deur die Koragiete. Korag het saam met Datan en Abiram in opstand gekom teen Aaron en Moses. Hierop het God ingegryp. Die aarde het sy mond oopgemaak en Korag en sy volgelinge verslind.

Deur God se genade is Korag se kinders aangestel as drumpelwagters by die tabernakel. Maar verder as die drumpel kon hulle nie instap nie.

Deur God se genade het ons vandag die groot voorreg om Hom elke Sondag te ontmoet in die erediens.

In vers 5 lees ons: *"Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste is; hulle hou nie op om U te prys nie."* In die erediens is jy in die teenwoordigheid van God; daar kan jy saam met die gemeente Hom aanbid en tot Hom sing. Daar kan jy luister na die verkondiging van die Woord.

In vers 6 lees ons: *"Dit gaan goed met die mense wat hulle krag in U vind en graag na U tempel toe gaan"*. In die huis van die Here ontvang jy nuwe krag en moed om voort te gaan met jou lewe van elke dag.

In vers 13 lees ons: *"Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou"*. In die erediens leer jy om op die Here te vertrou, dat Hy jou sal lei in alles wat jy doen.

Kerksbesoek is een van die groot voorregte wat God aan sy kinders gee. Mag God gee dat dit ook altyd vir jou 'n voorreg sal bly.

Sing Psalm 84:1      Ds. P.J. van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)

**24 Februarie**

**2 Kronieke 16:1-14**

(Teks: 16:9)

***Toon deur jou lewe dat jy op God vertrou***

Besef u dat God se oë oral op die aarde is en Hy ook u hart lees? Hy weet wanneer u Hom met u hele hart vertrou en wanneer nie. Hy deursoek die aarde om diegene te help wie Hom ten volle vertrou. Dit is 'n belydenis van sy almag en alomteenwoordigheid.

Asa begin baie mooi as koning van Juda. Hy voer godsdienstige hervorming deur. Die volk kom byeen en lê 'n eed af om die Here te dien. Die seën van die Here volg. Daar was vrede en rus in die land. Wanneer Baesa Juda aanval, vertrou Asa op sy politieke vernuf en rykdom. Hy koop Ben-Hadad om om sy verdrag met Baesa te verbreek.

Ganani plaas die gebeure en Asa se gedagtes in die lig van die Woord. Hy het nie sy land werklik beveilig nie, want hy het nie op die Here vertrou nie, maar op geld en mense. Die Here sien en weet wie werklik op Hom vertrou en ken ons oorweging en bedoelinge. Wanneer jy God nie meer vertrou nie, jouself verhef bo sy Wet, en nie na sy vermaning luister nie, volg agteruitgang en later ondergang. Asa begin mense sleg behandel.

Die lewenskuns is om óók die liefde van God raak te sien wanneer jy vermaan word. Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy in Christus dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou. Moenie iets vir Hom wegsteek nie (Hy weet dit in elk geval) en vertrou Hom met u hele hart.

Sing Psalm 71:1,2,9,10

Dr. S.J. van der Merwe (Duineveld)



### ***God skenk seënninge in jou slaap***

Psalm 127 maak dit baie duidelik dat 'n mens geen toekoms het sonder God nie. Die digter sê: *"Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak"* (vers 2).

Ja, al werk ons van donker tot donker, al bring ons groot offers en al span ons al ons kragte in; dit sal ons niks baat as die Here nie daarby is nie. Die huis sal uiteindelik in duie stort en die stad sal ingeneem word.

Vir daardie mense wat die Here liefhet, mense wat hulle bouplanninge nie sonder God optrek en hulle wagbeurte nie sonder Hom aanpak nie, gee Hy egter sy seënninge "in hulle slaap" (vers 2). Met ander woorde, hulle ontvang dit onverdiend, heeltemal verniet

Die digter gee 'n voorbeeld van iets wat ons in ons slaap ontvang. Hy sê in vers 3: *"Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee."*

En wat meer is, sulke mense, mense wat as't ware in hulle slaap geseën word, hoef nie bang te wees vir die vyand in die stadspoorte nie (vers 5). Hulle is soos krygsmanne wat goed toegerus is. Hulle pylkokers is vol. Hulle kan hulleself verdedig.

Die grootste "geskenk" wat ons in ons slaap ontvang het, is die Seun van God. As Hy vir ons is, kan niemand teen ons wees nie. Niemand kan ons uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28). Die stad is veilig.

Daarom moet ons nie in onself vertrou of op eie krag staatmaak nie.

Ons huwelike, beroepe, ideale en uiteindelik die lewe in ewige heerlijkheid is in sy hand. *"Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap"* (vers 2).

26 Februarie

Matteus 4:1-11

(Teks: 4:4)

### ***Gee ons ons daaglikse brood***

So baie mense kla: Dit is nie meer aangenaam om te gaan werk nie. Daar is soveel spanning, almal is aggressief teenoor mekaar. En in baie gevalle gaan dit om die hoeveelheid wat ek wil huis toe neem om vir my daarmee geluk te kan skeep.

Hierdie beeld lyk soms soos 'n klomp uitgehongerde wilde diere wat gevange gehou word en op sekere tye nie genoeg gevoed word nie. En wanneer hulle gevoed word is hulle bereid om mekaar te verskeur vir die kans op oorlewing. Niemand wil sterf ter wille van die ander nie. Ek moet selfsugtig vir myself sorg want ek het die reg op geluk. So plaas die Satan die sondige mens se fokus op hierdie oorlewingsdrang, met die moontlikheid dat 'n vol maag ons weer gelukkig sal maak.

Dan kom daar een Mens wat hierdie siklus kom deurbreek het. Wanneer Hy honger was en die Satan probeer Hom versoek om selfsugtig sy mag te gebruik om behoeftes te bevredig en sy hongerpyne te stil, gee Hy 'n antwoord wat én mens én die Satan verstom laat. Hy antwoord: " 'n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom." Dit is so anders as die mens wat nog altyd gedink het dat brood sy behoud is. Hierdie Mens Jesus, die Christus, was egter ook bereid om onselfsugtig vir ander wie dit nie verdien het nie te sterf. Hierdie daad bevry die mens vanuit die verhongering waarin die Satan hom gevange hou. Die mens kom staan nou in 'n verbond met die Skepper van alles en tot wie hy kan bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood..." (Lukas 11:3). Ons word vertroos: "Julle moet julle nie bekommer en vra: Wat sal ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek nie. Julle hemelse Vader weet dat julle dit alles nodig het".

Sing Skrifberyming 28:3; Psalm 128:1Ds. R.P. van Wyk (Grassy Park)

27 Februarie

Openbaring 3:1-6

### ***Lewende Kerk***

Mense sê dikwels dat die kerk dood is omdat daar na hulle mening te min aangaan. Die Here sê van Sardis dat hulle dood is, en dit terwyl hulle die naam gehad het dat hulle *lewe!* Hy het hulle *werke* geweeg en dit nie soseer te *min* bevind nie, maar eerder te *lig*. "Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie." Die *opdrag* in vers 2-3 laat aan die een kant verstaan wat die *probleem* in die gemeenskappe was en aan die ander kant bied dit die *oplossing* vir hulle probleme.

- "Word wakker." Kom in die toestand van een wat wakker is.
- "Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het." Onthou hoe jy as gelowige begin het.
- "Hou daarmee vol en bekeer julle."

Ons moet dus so opgewonde en bly oor die evangelie wees soos mense wat die fantastiese boodskap van die Bybel die eerste keer hoor. 'n Genotvolle kerkdiens begin dus by jou *voorbereiding* (Saterdagavond?) sodat jy die woord kan hoor soos die Tessalonisense met 'n blydschap wat van die Heilige Gees kom. Daarvoor moet jy *wakker* wees. Dan *leef* die kerk!

Sing Psalm 119:44

Ds. D.H.P. Wijnbeek (Steynsburg)

28 Februarie

Jakobus 5:13-20

***Bid!***

Jakobus noem baie sake waarvoor ons moet bid en verseker ons dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het. Hoewel daar baie voorbeelde in die Bybel is van mense wat groot dinge vermag het deur gebed, noem Jakobus spesifiek vir *Elia*. Vers 17 sê: "Elia was 'n mens net soos ons." By nie een van die ander gebedsreuse in die Bybel kom die *menslikheid* van die bidder so duidelik aan die lig as by Elia nie. Hy het immers na die intense geloofstryd van 3 en 'n halwe jaar wat uitgeloop het op die groot geloofsoorwinning op Karmel so totaal platgeval dat hy gewens het hy kon sterf! Dis nadat hy gehoor het koningin Isebel wil hom doodmaak. Hy was werklik 'n mens net soos ons!

Ons kan ons dus met Elia *vereenselwig*, want wie beleef nie soms ook daardie tye van totale moedeloosheid soos Elia nie? Ons weet watter *uitwerking* sy gebed gehad het. Dat God so wonderlik na 'n mens soos Elia geluister het! Dat God ook so wonderlik na 'n mens soos *jy* sal luister!

Sing Psalm 66:7

Ds. D.H.P. Wijnbeek (Steynsburg)